Republikein
Jou land. Jou taal. Jou koerant.

TAALKOMMISSIE KOM VOEL POLSSLAG VAN AFRIKAANS

ByRepublikein In Mar 12, 2013 0 Comments

Estelle de Bruyn - Die Afrikaanse Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK) het verlede week vir die eerste keer in sy meer as 100-jarige bestaan in Namibië vergader om oor taal, spelling en grammatika te besin.

Volgens die voorsitter, mnr. Tom McLachlan, vergader die kommissie twee keer 'n jaar vir 'n volle werksweek om onder meer te besluit oor watter nuwe woorde as deel van die woordeskat van Standaardafrikaans erken kan word, hoe dit gespel moet word en hoe om die standaardisering van Afrikaans in die algemeen voort te sit.

Die kommissie het sy oorsprong aan die begin van die twintigste eeu gehad om Afrikaans as standaardtaal te bevorder.

Daar was aanvanklik twee kommissies: een wat moes aandag gee aan die ontwikkeling van spelreëls vir die nuwe taal en 'n ander wat 'n woordelys van erkende Afrikaanse woorde moes opstel.

Van die eerste Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (AWS), vertel McLachlan, is "ij" nog in plaas van "y" en "-air" in plaas van "-êr" gebruik. Deur die jare was daar byvoorbeeld drie verskillende spellings van die woord "baie" soos dit tans geskryf word, en vroeër "baje" en "baiing".

In 1917 is die eerste AWS gepubliseer en die tiende uitgawe van hierdie handleiding en rigtinggewer vir die skryf van Afrikaans het in 2009 die lig gesien.

Later het die twee kommissies saamgesmelt en die Taalkommissie gevorm.

Die kommissie streef daarna om verteenwoordiging uit die Afrikaanse taalgebied te kry en dr. Herman Beyer is die eerste Namibiër wat verteenwoordiging op die kommissie het. Met sy aanwysing op die kommissie kan Namibië vir die eerste keer sedert Afrikaans in die land gepraat word, nou ook regstreeks bydraes uit Namibiese Standaardafrikaans lewer. Derhalwe is besluit om die kommissie die eerste maal in Windhoek te laat vergader.

McLachlan benadruk dat Standaardafrikaans die hooffokus van die kommissie is, maar dat daarna gestreef word om toenemend verskillende variëteite van Afrikaans in ag te neem en te ondersoek hoe dit tot Standaardafrikaans kan bydra.

Die debat oor die insluiting van die woord "Brötchen" of dan die verafrikaanste "bretsjen" bly nog lewendig met die laaste woord wat nog nie daaroor gespreek is nie. In Duits, so word geredeneer, word die woord heel anders uitgespreek as wat die meeste Afrikaanssprekendes dit nou doen; die Duitse woord het nie 'n meervoud "s" nie en word as selfstandige naamwoord deurlopend met 'n hoofletter gespel. Hoe hy sy lêplek in Afrikaans gaan kry, gaan nog diep denke en besinning verg.

Prof. Johan Anker, een van die kommissielede, noem die voorbeeld van woorde soos "tjips" en "tjops" wat eenvoudig verafrikaans is en gemaklik in die volksmond lê en ook nie meer 'n oogseer is wanneer dit gelees word nie.

Van die woorde uit ander tale wat in die verlede op besondere wyse 'n tuiste in Afrikaans gevind het, is byvoorbeeld "speaker" (van die nasionale vergadering); "boks" vir 'n kartonhouer en die wisselvorme "Mexikaans" en "Meksikaans"

"Ons oogmerk is om norme vir die taal te stel, maar tog te verseker dat ons nie besluite neem eensydig van die taalgemeenskap wat Afrikaans praat nie. Ons moet kennis neem van wat aangaan.

"Dit is verblydend om hier in Namibië te sien hoe Afrikaans op 'n natuurlike manier die lingua franca geword het. In Suid-Afrika het ons ander sorge. Afrikaans het in die verlede, sê nou maar, 'n 'hoë lewe' gehad, naamlik as die taal van wetgewing, regspraak, die akademie, die handel. Hierdie hoër funksies verkeer tans onder sterk druk."

Van die ander projekte waarmee die Taalkommissie besig is, is betrokkenheid by die verdere bemagtiging en versterking van Afrikaanse onderwysers. Donderdagoggend het die kommissie Afrikaanse onderwysers van oral in Namibië wat hul jaarlikse konferensie by die Safari-hotel gehou het, toegespreek oor die werksaamhede van die kommissie en die gebruik van die AWS in die onderwys.

Nog 'n nuwigheid is dat die Afrikaanse woordelys nou op die internet by www.woordelys.co.za beskikbaar is.

'n Spelkompetisie vir leerders word ook in die vooruitsig gestel en meer besonderhede sal later bekendgemaak word. Goeie nuus is dat Namibiese leerders beslis aan hierdie kompetisie sal kan deel-

neem.

Die Taalkommissie het ook bygebly by die ontwikkeling van die sosiale media en het sy eie face-book-blad waar taalwenke gegee word. Besoekers mag onder meer ook vrae oor allerlei taalk-wessies vra.

Kategorie: Ander

Like 0

Like 0 Delen 0 Share Tweet

INTERESSANTE AFDELINGS

Internasionaal Tegnologie Afrika Motors Sport

Vlieënier het voor ramp 'geoefen', blyk dit nou

Gebede, riruele bring einde aan routyd

Brittanje na die stembus

Internasionaal: kortnuus

Gastekorte in oorloggeteisterde stad

PARTNER-LINKS

HTML tutorial
HTML tutorial
HTML tutorial
HTML tutorial
HTML tutorial
HTML tutorial

NUUSBRIEF

Nuusbrief inskrywing

Nuusbrief inskrywing

LATEST POST

Stryd van blitsbukse raak warm
May 8, 2015, 4:30 am

Alte Feste se ou trein klink en blink weer
May 8, 2015, 4:30 am

Geingob keer terug ná staatsbe-soek aan Suid-Afrika
May 8, 2015, 4:30 am

Meeste sierduiwe nóg op skou in Windhoek
May 8, 2015, 4:30 am

Weerman Riaan vandag gegroet
May 8, 2015, 4:30 am

Span vir driekamp na Egipte
May 8, 2015, 4:30 am

Wêreld gedenkdie naweek Mi-grasievoëldag
May 8, 2015, 4:30 am

Waterbron lek leeg
May 8, 2015, 4:30 am

Bederf Sondag vir Ma
May 8, 2015, 4:30 am

more

STRAND HOTEL SWAKOPMUND

RAAKVATTERS

KONTAK ONS

Lorem vitae id orci nibh Nulla semper non pretium id elit.
Tel: +123 456 7890
Email: alex@dmh.com.na
Web: republikein.com.na